

# ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

## Die Bybel in Afrikaans – 75 jaar Gedenkuitgawe

SO BELY DIE VCHO SY:

**DOEL:**

Die bevordering van

- ◆⇨ Christelike opvoeding,
- ◆⇨ Christelike onderwys en
- ◆⇨ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegeen en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

**GRONDSLAG**

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreuke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

**MISSIE**

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

**SKRIFLIG**

- *Geneem uit: Calvyn vir vandag. Dagstukke*

Johannes 16

**Die Gees getuig: Die Bybel is die Woord van God**

“Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor...” – Joh. 16:13

Die getuienis van die Heilige Gees is voortrefliker as enige verstandelike beredenering. God alleen is in sy Woord 'n voldoende getuie aangaande Homself. Net so sal die Woord ook nie in die mense se harte aanvaar word, voordat dit deur die innerlike getuienis van die Gees beseël is nie.

Dus, dieselfde Gees wat by monde van die profete gespreek het, moet tot in ons harte deurdring om ons te oortuig dat hulle getrou verkondig het wat God hulle beveel het. En hierdie skakel word baie paslik deur Jesaja uitgedruk in hierdie woorde: “My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos nie, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie.” (Jes. 59:21).

Dit moet dus vas bly staan dat hulle wat deur die Heilige Gees geleer is, volkome rus vind in die Skrif en dat dié Skrif sonder twyfel sy geloofwaardigheid in homself het. Dit mag nie aan bewysvoering en redenering onderwerp word nie.

Nogtans verkry dit die sekerheid wat dit onder ons verdien deur die getuienis van die Gees. Want al verwerp die Skrif ook deur sy eie majesteit vir

homself eerbied, werk dit tog eers ernstig op ons in wanneer dit deur die Gees in ons harte beseël is.

Verlig deur sy krag, glo ons nie meer op grond van ons eie of ander se oordeel dat die Skrif van God af kom nie. Verhewe bo menslike oordeel, stel ons wel bo alle twyfel vas dat dit, deur die diens van mense, uit God se eie mond na ons gekom het. Dit is asof ons dáár die Godheid van God aanskou.

**Institusie van Calvyn**, dele I, 4, 5 en 7.


**Bron**

Potgieter, F.J.M. 1980. *Calvyn vir vandag*. Dagstukke. Samest. en vert. deur Potgieter, F.J.M. 1ste uitg. Kaapstad: Die Verenigde Protestantse Uitgewers.



**IN HIERDIE  
UITGAWE**

Woord en volksplanting .....	3
Die GRA en die Bybel in Afrikaans .....	6
Totius, die Afrikaanse Bybelvertaler .....	7
Die Bybel in die skool/onderwys .....	10
Afrikaner-huisgesin en Die Bybel .....	12
Die gesag van die Skrif .....	14
Perspektiewe m.b.t. veranderings in ons Skrifbeskouing .....	16



## Redaksioneel

Op 27 Augustus, 75 jaar gelede, neem die Afrikaner die eerste keer *Die Bybel* in sy eie taal in gebruik, regoor Suid-Afrika, wat in die bestaan en geskiedenis van ons volk as van besondere betekenis gereken word. Die tydperk voorafgaande was deur 'n stryd op vele terreine van die volkslewe gekenmerk, met die taalstryd wat oor etlike dekades gestrek het, maar een daarvan. Boonop was die plaaslike omstandighede waarin die Afrikaner hulle in daardie tyd bevind het, glad nie rooskleurig nie.

Die dertigerjare was 'n tydperk van herskikking, as gevolg van ekonomiese, maatskaplike en staatkundige woelinge. Daar was droogte-toestande en ander faktore wat boerdery lamgelê het, met groot onsekerheid oor waar die pad heen sou lei, omdat landbou tot in daardie stadium as die oorheersende bedryf beoefen was. Verder was dit 'n tydperk van depressie wat die ekonomie landswyd sleg getref, en baie van ons volk in groot armoede gelaat het. 'n Bekende verskynsel van daardie tyd was die verstedeliking van volksgenote wat nie meer op die plase 'n bestaan kon maak nie, op soek na 'n heenkome wat die stadslewe hopeklik sou kon bied. Dit het weer sy eie maatskaplike uitdagings gestel, omdat baie hulle in daardie vir hulle vreemde omgewing hul nie kon tuisvind nie. Daar was die staatkun-

dige toneel, met die onderstrominge wat uit die partypolitiek gespruit het, en in daardie jare reeds die verdeeldheid onder die Afrikaner skerp geaksentueer het. Suid-Afrika se betrokkenheid by internasionale konflik kort na Uniewording gedurende die tydperk 1914 - 1918 het verdere bitterheid veroorsaak, gedagtig aan die tweespalt oor deelname en nie-deelname. Spoedig na die ingebruikneming van die Afrikaanse Bybel word Suid-Afrika by 'n tweede internasionale konflik betrek, tussen 1939 en 1945, wat weereens die politieke spanning hoog gedryf het. Midde-in hierdie omstandighede verskyn die Bybel in Afrikaans.

Nóg die omstandighede van daardie tyd, nóg die gebeure soos geskets, het egter die in-gebruikneming van die *Afrikaanse Bybel* enigszins oorskadu. Indien daar ooit 'n meer geleë tyd vir die verskyning van die Woord van God in eie taal was, dan was dit 1933. Met volle erkenning aan die betekenisvolle en onontbeerlike plek wat die *Nederlandse Statebybel* vir byna drie eeue in ons volkshuishouding ingeneem het, het die selfstandigwording van die Afrikanervolk in al die fasette van die volkslewe die verskyning van 'n eie Bybel genoodsaak. Dit kan goed begryp word, wanneer die geskiedenis van die Hervorming nagegaan word. Die Herormers het, benewens hulle diep-

gaande Skrifstudie en -verklaring, hulle daarop toegelê dat die Bybel vanuit die Latyn, waarin dit onder die Rooms-Katolieke bedeling vir die gewone kerklidmaat 'n ontoeganklike Boek geword het, in die eie volkstale beskikbaar gemaak word. Daarin het hulle inderdaad die Bybelse weg gevolg, deur met die taalverskeidenheid rekening te hou, soos wat die evangelie-boodskap trouens op Pinksterdag weerklink het, sodat elkeen dit in sy/haar eie taal kan hoor. In Afrikanergeleedere het die Here voorsien, en was dit 'n Totius wat hierdie grootse taak onderneem het, in medewerking met die vertaalspan, wat hom bygestaan het. Hiervoor was Totius uitstekend toegerus, bowenal as Geesvervulde mens (Kyk artikel op bl. 7).

Vele parallele tussen 1933 en die jaar 2008 kan getrek word, met vraagstukke baie soortgelyk aan mekaar. Ons bevind ons weereens in die greep van baie moeilike omstandighede op al die genoemde terreine, met groot onsekerheid oor wat die toekoms inhou, wanneer dit buite-om *Die Bybel* beskou word. In ons geskiedenis was dit egter nog telkens so – onder die beskikkende genade van die Here – dat ons ons volksbestaan en -toekoms vanuit die Woord benader en beoordeel het. Daarin was die feit dat God-Drieëinig nooit aan sy verbondsbeloftes ontrou word nie, nog altyd die vaste ankerpunt waarop ons in tye van voorspoed en in tye van krisis ons verlaat het. **Die vraag waarop dit in 2008 aankom is trouens nie of ons oor *Die Bybel* in Afrikaans beskik nie, maar of Afrikaners *Die Bybel* nog in hulle lewens het, as die sentrale uitgangspunt daarvan. Praat hulle m.a.w. ook nog die geloofstaal?**

**Hierdie Augustus-uitgawe van ons blad word as 'n gedenkuitgawe uitgegee, waarmee hierdie ge-seënde geleentheid met groot dankbaarheid teenoor die Here in 2008 deur ons in herinnering geroep word, met die bede dat die *Bybel* in Afrikaans werklik nog as die lewende Woord van God in Afrikanergeleedere bely, erken en geleef sal word. Aan Hom alleen al die eer!**



# Woord en volksplanting

– Prof. A.W.G. Raath


## Inleiding

By die herdenking van die 75-jarige bestaan van die Bybel in Afrikaans is dit noodsaaklik dat daar gelet sal word op die *gevestigtheid* van die Bybel in ons volkslewe. Nie net staan die volksplanting sentraal binne die konteks van die politieke herlewing in Nederland nie, maar ook het die vestiging aan die Kaap in 1652 plaasgevind in die nawerking van die besluite wat in 1618 / 1619 te Dordrecht geneem is. Drie belangrike uitvloeiings van die Sinode van Dordrecht het in die tydperk vanaf 1619 tot 1700 in Nederland en die Nederlandse gewestes onder beheer van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie groot invloed gehad: eerstens die bevordering van die kennis van die Woord van God; tweedens die bewaring van die suiwer gereformeerde leer en derdens die reformatoriese kerklike bediening. Hierdie drie aspekte sou vanaf die volksplanting die geloofs-tradisie van die nuwe nedersetting aan die Kaap en die latere kerk-tradisie en volks-tradisie van die Boerevolk rigtinggewend bepaal. Na die oorplanting van die kerk-tradisie vanaf die moederland het daar mettertyd 'n eie Woordgebonde inslag in die geloofs-tradisie hier te lande posgeneem wat die lewensiening van die volksplanters en hul nacomelinge rigtinggewend bepaal het.

## Die stryd vir die Woord in Europa

Die Hervorming in Duitsland het 'n nuwe begin vir gelowiges in Europa ingelui. Die oorheersing van die Rooms-Katolieke Kerk wat die gewetensvryheid van gelowiges tot in die wortel aangetas het en die ontoeganklikheid van die Bybel in die vorm van die Latynse Vulgaat sou spoedig deur die opkomende Protestantisme met 'n suiwer siening van kerk en Woord vervang word. In 1529 verskyn die eerste volledige Bybel in die Duitse volkstaal deur die hand van Luther. Dit is spoedig opgevolg deur die vertaling van William Tyndale van

die Nuwe Testament in Engels in 1525-1530. Met profetiese visie het hy by geleentheid 'n pouslike geleerde met wie hy in dispuut verkeer het toegevoeg: *Ek daag die pous en al sy wette uit; indien God sy lewe spaar, sal voordat 'n lang tyd verloop, Hy beskik dat 'n seun wat die ploeg hanteer meer van die Bybel weet as die pous.* As gevolg van sy weerstand teen kerklike oorheersing en die Roomse dwalinge, het Tyndale ook diep onder die indruk gekom van die noodsaaklikheid om die Bybel in die Europese volkstaal aan die mense beskikbaar te stel. Sy oortuiging was dat die volk nie in die waarheid van die Woord onderrig kan word, indien hulle nie in staat is om die inhoud van die Bybel te lees nie. Vanweë die ontoeganklikheid van die Skrif het allerlei misbruike ook onder die geestelikes voorgekom. Slegs deur die ware evangelie sou die dwaling en bygeloof uit die kerk verdring kon word, het Tyndale geglo. Soos Luther se vertaling in Duits, het Tyndale se Engelse vertaling die lig vir talle gelowiges in Engeland laat opgaan. Die teëstanders van Tyndale het daarin geslaag om die koning te oorreed om sy vertaling te verbied. Op 6 Oktober 1536 is hy op bevel van die keiser aan 'n paal gebind, deur die laksman verwurg en sy liggaam verbrand. Terwyl hy aan die paal gebind was, het hy met 'n harde stem uitgeroep: *Here, open die oë van die koning van Engeland.* Tydens sy aanhouding in die tronk, het sy geloof daartoe gelei dat die bewaarder, die dogter van die bewaarder en ander lede van sy huishouding tot bekering gekom het. Die krag van die lewenswerk waarmee die Reformatore hul arbeid aangepak het, blyk gloeiend uit 'n brief van Tyndale aan John Frith: *Ek roep God as getuie op die dag wat ons voor ons Here Jesus sal verskyn dat ek geen lettergreep van God se Woord in stryd met my gewete verandering het nie, of dit ook vandag sal doen nie, al sou alles op aarde, hetsy dit eer, plesier, of rykdom is*



*aan my gegee word.* Dit was met hierdie gesindheid wat die gereformeerde Bybelvertalers hul taak in die loop van die 1500's en 1600's aangepak het.

## Die Nederlandse groeibodem van ons geloofs-tradisie

Die toewyding van die Reformatoriese leraars het oor die hele Europa uitgekring. Daar word vertel dat die eerste persoon wat 'n openbare leerrede in die Ou Gereformeerde Kerk van Nederland uitgespreek het, die *corfmaecker*, Jan Arendtz, was. Hy het op 14 Julie 1566 buite Hoorn sy preek voor 'n skare toehoorders gelewer. Die monnike en die *skout* het sonder sukses probeer om hom stil te maak. Daar word ook vertel dat die volk en enkele edellui wat die preek gehoor het, uitermate tevrede en tegelyk verbaas was dat hy die Heilige Skrif so geskik en bekwaam kon verklaar en dat hy vir vier ure daarmee kon voortgaan. Mettertyd sou hierdie buitelig-prediking as *hagepreke* bekend staan omdat dit binne 'n *haag* of omheining – dikwels deur waens gevorm – gehou is, wat as skans teen aanvalle deur Spaan-

Vervolg op bl. 4



*Die Nederlandse Statebybel word in 1652 na die Kaap gebring.*

### **Vervolg van bl. 3**

se soldate moes dien. Hoewel sommige van die hagepredikers tot predikante verklaar is, het die getalle leraars maar min gebly. In die Ou Gereformeerde Kerk het die klem deurentyd op die regsinnige en suiwer verkondiging van die leer gestaan. Die *Formuliere van Eenheid* is as grondslag van die Gereformeerde Kerke by Dordt in 1618/1619 aanvaar. Hierdie gees sou ook die prediking van die agtiende eeu kenmerk en is as sodanig na die Kaap oorgedra. Die Skrifgetroue verkondiging van die Woord deur die leraars in die Gereformeerde Kerk in Nederland het groot vrug opgelewer. In 1578 word by die Nasionale Sinode van Dordrecht besluit om die Psalmberyming van Datheen te sanksioneer, wat in effek beteken het dat dit die enigste liederebundel was wat tydens eredienste gebruik is. Die feit dat sy Psalmbundel uit die bekende en geliefde Geneefse Psalter ontstaan het, het baie daartoe bygedra om Datheen se bundel onder die kerkvolk te vestig. Dit was hierdie beryming wat die sieketroosters aan boord die skepe van die VOC in die skeepskis na Suid-Afrika sou bring vir die geestelike versorging van die skeepslui en die ingesetenes in die onderskeie kolonies. Artikel 77 van die Kerkorde van 1643 het dié bundel verpligtend gemaak, terwyl die *Beroep ende*

*Instructiebrief voor de Sieckentroosters* bepaal het dat *een veers twee ofte drie toe singen* uit die bundel moes geskied. Ook was dit verpligtend dat 'n gepaste preekbundel saam met die *Schatboek* van Ursinus in die skeepskiste moes wees vir gebruik deur die sieketroosters ter see. Dié praktiese preekbundel was in alle opsigte getrou en het veel daartoe bygedra om die suiwer verkondiging van die Woord in die gewestes van die VOC in stand te hou.

### **Die bevordering van die kennis van die Woord van God**

Die Nederlandse volksplanters het 'n skat van kultuur met hulle na die Kaap saamgebring: die liefde vir die Nederlandse boustyl, hul kennis van ambagte, hul ervaring van die landbou en veeteelt, MAAR DIE GROOTSTE VAN ALLES - DIE STATEBYBEL! Dit was die Bybel wat die kultuurlewe en godsdienstige lewe van die volk in wording sou vorm. Die Nederlandse State-Generaal, die hoogste staatsgesag in Nederland, wat die koste van die Statevertaling gedra het, het op 29 Julie 1637 besluit dat die Statevertaling in al die skole en kerke van die land gebruik moes word. Daarom word hierdie vertaling, waaraan manne soos Johannes Bogerman en Petrus Plancius in opdrag van die groot Sinode van Dordrecht in 1618 begin werk het, die 'Statebybel' ge-

noem. Aan boord die drie skepe wat op 24 Desember 1651 die anker gelig en deurentyd naby mekaar gebly het, was die Statevertaling. Ten spyte van stormweer ter see en ander probleme het die opperstuurman van die *Drommedaris* op Vrydag, 5 April 1652, "Gode loff 't lant van Cabo de Bona Esperanca namentlijk den Tafelbergh" gesien. As beloning het hy volgens 'n ou skeepsgebruik vier Spaanse geldstukke gekry. Die vlag is gehys en 'n kanonskoot afgevuur, om ook die *Reyger* en die *Goede Hoop* te waarsku dat hulle die land van hul bestemming nader. Daardie dag, vir die eerste maal in die geskiedenis van die skeepvaart, het mense die Kaap, en nie die Verre Ooste of Europa nie, as eindpunt van hul reis verwelkom.

Die gees en gesindheid waarmee die volksplanters voet aan wal van hul nuwe vaderland gesit het, is soos volg deur Jan van Riebeeck in sy gebed verwoord: *O Barmhartige en Goedertieren God en hemelse Vader, aangesien dit U Goddelike Majesteit behaag het om ons te roep tot bestuur van sake van die Algemene Vereenigde Nederlandse Geoktrojeerde Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap die Goeie Hoop en ons vir hierdie doel met die teenwoordige Raad in U Heilige Naam vergader is om met hulle advies sodanige besluite te neem, waartoe die beste diens aan die gemelde Kompanjie gevorder, die regspraak gehandhaaf en onder hierdie wilde en brutale mense, vir sover dit moontlik is, U ware Gereformeerde Christelike leer mettertyd mag voortplant en uitbrei tot die lof en die eer van U Heilige Naam en die welsyn van ons prinsipale.*

As uitvloeisel van die ware Gereformeerde Christelike leer sou die verbintenis van die volksplanters tot die Woord en die sentrale plek van die Bybel in ons volkslewe die belangrikste uitstaande kenmerk van hul gereformeerde lewensooruiging en Calvinistiese lewensinstelling vorm. Daarvoor kan ons as dankbare nageslag by die 75-jarige herdenking van die Bybel in ons eie taal plegtig verklaar: *Soli Deo Gloria!*





*Die Woord word na die Nuwe Wêreld geneem.*



*Die Gelooftekerk, Pietermaritzburg – dit was die vrug van die geloof en verbondenheid aan die Woord.*



*Nagmaal was altyd vir ons volk 'n belangrike geleentheid by die erediens, rondom die Woord.*



*Pres. Paul Kruger saam met sy vrou Gezina net na 'n erediens, met die Bybel in die hand.*



# Die GRA en *Die Bybel* in Afrikaans

## Behoeftes aan 'n eie Bybel

Een van die kernoorwegings vir die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners, het, benewens die taal, oor *Die Bybel* in Afrikaans gehandel. Die spreektaal wat gedurende die tweede helfte van die 19de eeu aan die Kaap en in die twee Boererepublieke in gebruik was, was toentertyd nie meer Nederlands nie, alhoewel dit nog as die amptelike taal erken was. Die Bybel was steeds in Nederlands, naamlik die bekende en geliefde Statebybel waarmee daar meer as twee eeue gelede, in 1652, na die Kaap gekom was. 'n Nederlandse onderwyser, Arnoldus Pannevis, wat kort voor die stigting van die GRA na die Kaap gekom het, het die duidelike verskil tussen die ampstaal (Nederlands) en die spreektaal (Afrikaans) uitgewys. Deur dit onder die aandag van een van sy studente, ds S.J. du Toit, te bring, het Iq. 'n leidende aandeel in die stigting van die GRA geneem. Reeds in 1872 publiseer die opmerksame Pannevis 'n brief in *De Zuid-Afrikaan* waarin hy sy kommer daarvoor uitspreek **dat die Nederlandse Bybel nie meer vir die gewone Afrikaner toeganklik en verstaanbaar is nie, omdat hulle spreektaal die nuwe taal was wat aan die ontwikkel was: Afrikaans.**

## Betekenisvolle rol van die GRA

Die besluit wat tot die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 gelei het, was met die doel om Afrikaans as 'n amptelike taal erken te kry. Baie belangrik egter daarby, was dit die uitgesproke doel om *Die Bybel* in die volkstaal te vertaal. Tot uitvoering hiervan verskyn daar sedert 1875 verskeie vertalings van gedeeltes daarvan, soos volg: In 1878 die *Evangelie volgens Markus*, deur C.P. Hoogenhout vertaal, en in 1889 *Di Bybel in Afrikaans – Dri proewe*, en tussen 1893 en 1908 *Genesis, Di Evangelie vollens Mattéus, Di Openbaring van Jesus Christus, Hooglied, Di Psalme en Handeling en Markus*, deur ds S.J. du Toit (Totius se vader) vertaal. Die tydperk 1914-1916 is betekenisvol, omdat Afrikaans in 1914 sy beslag naas Engels in openbare onderwys gekry het, en van 1916 af toeneemend deur die kerk erken is. In daar-

die tyd lewer dr B.B. Keet 'n belangrike lesing in Stellenbosch oor *Die Bybel in Afrikaans*, waarin die vertaling van *Die Bybel* bepleit word, as gevolg waarvan die eerste formele besluit in Suid-Afrika in kerklike gelede om *Die Bybel* in Afrikaans te vertaal geneem was, en wel op 16 Mei 1916 deur die Vrystaatse sinode van die NG Kerk. Hierop volg: in 1922 (*Die Vier Evangelieë en die Psalme*), 1929 (*die Vier Evangelies en die Psalms*) en in 1933 die verskyning van die volledige Bybel in Afrikaans, byna sestig jaar nadat die oorspronklike behoefte deur die GRA aan *Die Bybel* in Afrikaans geïdentifiseer was, maar 'n uiters belangrike mylpaal in bereiking waarvan die GRA en die Bybelgenootskap instrumenteel staan. Die eindvertalers van die 1933-Bybel was drr J.D. du Toit (Totius); J.D. Kestell, E.E. van Rooyen, B.B. Keet en H.C.M. Fourie. Die 1953-uitgawe is as 'n hersiening, hoofsaaklik as gevolg van taalkundige verbetering, uitgegee.

## Gedenkwaardige aspekte

Die aandag wil in hierdie verband op twee gedenkwaardige aspekte gevestig word:

- (i) Die *Nederlandse Statebybel* was vir meer as twee eeue van deurslaggewende betekenis vir ons volkslewe, deurdadig dat die grondslag gevorm het waarop ons Christelike godsdiens en kultuurvorming gebaseer was.
- (ii) Die feit dat die 75-jarige herdenking van die Bybel in Afrikaans hierdie jaar in dieselfde maand as die viering van Taaldag of GRA-dag soos dit ook meermale bekendstaan, plaasvind, is van besondere betekenis. 14 Augustus dui die verkryging van amptelike status van die Afrikaanse taal aan. Dit was egter eers 50 jaar na die stigting van die GRA, en wel in 1925, dat die Afrikaanse taal allerweë erkenning as amptelike taal in die breë volkslewe geniet het, as gevolg van 'n taalstryd wat gevoer moes word. Dit is eweneens duidelik dat die GRA, ook wat die Bybelvertaling betref, die daad by die woord ge-

voeg het, sodat die eerste weergawes daarvan sedert 1878 begin verskyn het, waarna deurlopend daaraan gewerk was. Veral ds SJ du Toit het 'n groot aandeel daaraan gehad. In die afhandeling van hierdie grootse taak is dit egter sy seun, dr JD du Toit (alombekend as Totius), wat hom daaraan toewy, as 'n lewenstaak soos dit gesien word, om die Bybel volledig in Afrikaans beskikbaar te maak. As vrug van hierdie onvermoeide werk word *Die Bybel* in Afrikaans op 27 Augustus 1933 met groot dankbaarheid amptelik deur die Afrikaanse kerke in gebruik geneem.

- (iii) Die proses wat tot die amptelike erkenning van Afrikaans, en tot die verskyning van *Die Bybel* in Afrikaans gelei het, is histories samelopen, maar dan in die sin dat die ontwikkeling van die Afrikaanse taal en die Afrikaanse Bybel as't ware ineengevleg was. Dit is waarskynlik 'n unieke situasie aan die Afrikanervolk se selfstandigwording dat sy taal en eie Bybel op hierdie merkwaardige wyse hand-aan-hand tot stand gekom het. Dit hou met die ingesteldheid wat daar in die GRA geheers het, nl. dat die taal nie amptelike erkenning sal geniet sonder dat die Afrikanervolk nie ook oor sy eie Bybel sal beskik nie, verband. Hierin moet ons baie duidelik die Alwyse beskikking van die Here sien.

## Slotgedagte

Ten slotte wil die volgende gedagtes nog in die midde van ons lesers gelaat word:

Wanneer ons vanjaar die 75-jarige bestaan van *Die Bybel* in Afrikaans gedenk, moet die feit (i) dat dit die Afrikaner vergun is om oor sy eie taal te beskik, in samehang met die feit (ii) dat ons insgelyks oor *Die Bybel* in ons eie taal beskik, as genadevoorregte uit die hand van God-Drieëinig beskou word, ten opsigte waarvan die eer Hom alleen toekom.

**Vervolg op bl. 8**

# Totius, die Afrikaanse Bybelvertaler

– Prof. V.E. d’Assonville (Pretoria)

## “Die siel van die Afrikaanse Bybelvertaling”

Die grootste navorsing wat nog ooit oor die 1933-Bybelvertaling onderneem is, is deur P.J. Nienaber in sy werk, *Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling* (1934), gedoen.\* Daarin verklaar hy: “Die geskiedenis sal nog uitwys tot hoe ’n groot mate dr Du Toit die siel van die hele Bybelvertaling was”. In ’n Engelstalige tydskrif noem hy sy aandeel “the lion’s share of the actual work”. Op 13 November 1953 rig die Sinode van die NG Kerk in SA ’n brief van meegevoel aan die gesin van dr Du Toit na sy dood en daarin noem hierdie sinode Totius ook “die siel van die hele Bybelvertaling”.

## Sy lesing as student op 14 Oktober 1896

’n Merkwaardige feit is: Totius was nog slegs 19 jaar oud toe hy op 14 Oktober 1896 ’n lesing voor die Teologiese Skool van Burgersdorp oor *Die Bybelvertaling in Afrikaans* lewer. Ongelooflik: as ’n jong seun bepleit hy alreeds in hierdie studentelezing twee dinge, nl. die *noodsaaklikheid* van so ’n vertaling in die jong Afrikaanse taal van die 19de eeu en die *beginsels* wat by so ’n vertaling toegepas moet word, o.a. die vereiste om dit uit die oorspronklike tale, Hebreeus en Grieks, te doen. Waar het hierdie jongman toe alreeds sy kennis gekry? Dit was aan sy vader, ds S.J. du Toit wat alreeds in 1889 die boek, *Die Bybel in Afrikaans*, geskryf het en ’n groot deel van die Bybel in die Afrikaans van destyds vertaal het, te danke.

## Drie kerke neem die besluit

Die Breë Kommissie van die NG Kerk in SA, die Gereformeerde Kerke in SA en die Ned. Hervormde Kerk van Afrika besluit namens hierdie kerke in 1923 twee dinge: *Ten eerste* sal daar twee voltydse vertalers wees, een vir die Ou Testament, prof. dr J.D. du Toit en een vir die Nuwe Testament, prof. dr B.B. Keet. Hulle is ook die eindvertalers vir die hele Bybel en “by hulle sal die eindbeslissing lê”. *Ten tweede* sal


die vertaling uit die oorspronklike tale gedoen word.

Vir die volgende 10 jaar het die vertalingswerk ontwikkel en gevorder totdat die einddoel in 1933 bereik is. Totius het voltyds in afsondering op die plaas Krugerskraal, 25 km. vanaf Potchefstroom, sedert 1924 tot die einde van 1932, ’n groot deel van die Ou Testament uit Hebreeus vertaal, t.w. die boeke *Génesis, Exodus, Levitikus, Númeri, Deuteronomium, Job, Psalms, Jesaja, Jeremia, Klaagliedere en Eségiël*. Op ’n vraag oor watter Bybelboek die moeilikste was om te vertaal, was Totius se antwoord dadelik: Job! ’n Opmerking van hom het later ’n gesegde onder sy teologiese studente geword: “Job weier om Afrikaans te praat”. Totius het Krugerskraal sy *Wartburg* genoem, na aanleiding van Luther se Bybelvertaling (16de eeu) in die kasteel van Wartburg. Maar daar is iets anders wat min mense weet: Krugerskraal was in daardie jare ’n uiters eensame en primitiewe plek: ’n klein beknopte huis, geen elektrisiteit, geen lopende water, geen telefoon en byna geen kommunikasie met die buitewêreld nie. ’n Engelsman wat die eerste windpomp kom oprig het, het uitgeroep: “What a God forsaken place!” Maar Totius kon antwoord: “Nee, God kon nie nader aan my wees nie; ek is dag vir dag, jare aaneen, besig met sy Woord – hier in eensaamheid, weggesteek tussen ’n randjie en ’n plaat digte doringbome”.

Langs die pad was daar baie probleme, veral dat die vertalers genoeg tyd kon hê, en van hulle daaglikse verpligtinge losgemaak word. Hierin het Totius ’n belangrike rol gespeel en sy aanhoudende volharding was vir almal ’n inspirasie. Behalwe al die helpers en die noodsaaklike taaladviseurs was die eindvertalers J.D. du Toit, J.D. Kestell, H.C.M. Fourie, B.B. Keet en E.E. van Rooyen.

## Die kerkvader Augustinus en Totius se beginsels

Dit is merkwaardig dat Totius in sy standpunt oor ’n suiwer Bybelvertaling direk by die kerkvader, Augustinus



tinus (354 - 430 nC.), aangesluit het toe hy oor vertaling geskryf het: “... *verborum tenax cum perspicuitate sententiae* ...” (vasklemmende aan die woorde met duidelikheid van betekenis). So kort soos moontlik kan ons Totius se *beginsels* vir ’n Afrikaanse Bybelvertaling soos volg saamvat:

1. Dit moet uit die oorspronklike tale, Hebreeus en Grieks, gedoen word.
2. Die oorspronklike *koloriet* (segs wyses, idiome, beelde ens.) moet sover as wat moontlik is, behou word.
3. Onvoorwaardelike erkenning van die Skrifgesag. Hy skryf: “Die Afrikaanse Bybelvertaling is bedoel vir Afrikaanse kerke wat die Heilige Skrif erken as die blywende, geïnspireerde en onfeilbare Woord van God. Daar is vir ons geen ander keuse as om die oorspronklike so na as moontlik te volg nie”. Totius hou konsekwent vas aan sy belydenis van artikel 3 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, die gereformeerde belydenis van die “drie Afrikaanse kerke” van destyds.
4. Die vertaler is nie die *verklaarder* nie. Die vertaler moet onvoorwaardelik die oorspronklike teks respekteer en nie ‘slim’ probeer wees deur sy eie idees in die teks in te plant of om sekere dinge weg te laat nie. Die *verklaarder* moet daarvan oortuig wees:

**Vervolg op bl. 8**

die beste vertaling in my eie taal lê hier voor my.

- Die geskrewe woord IS die WOORD van God. Hieroor is daar by Totius geen kompromie nie. Sy publikasie *Die Bybel is die Woord van God*, bly steeds 'n dringende, aktuele getuieis oor hierdie saak (1977, *Versamelde Werke*, deel 1, Kaapstad,).

### Totius, die toegeruste vertaler

'n Paar verstommende feite spreek van 'n uitsonderlike begaafdheid. Deur sy studie in Amsterdam (as 'n vlugteling Kaapse rebel, 1900-1903), by groot akademiese meesters, was hy 'n buitengewone kenner van Hebreeus en Grieks. Vir sy doktors eksamens in Dogmatiek by die bekende dr A. Kuyper, het hy byvoorbeeld al die Skrifgegewens in die oorspronklike tale mondelings aangehaal. In hierdie tyd het hy die hele Nuwe Testament uit die Grieks ge-eksegetiseer, voorwaar 'n buitengewone taak!

Omdat Totius in sy lewe die hele Bybel van voor tot agter 112 keer deurgewerk het, was hy een van die grootste Skrifkenners in Suid-Afrika. Ook die Duitse taal kon hy vlot praat, omdat hy 'n leerling van die Duitse skool *Morgensonne* naby Rustenburg was. Daár en verder in Nederland het hy sy uitstekende Latynse kennis opgedoen. Engels het hy vlot gepraat en boonop oor 'n leeskennis van Frans beskik. Sy briljante kennis van Hebreeus en ander Oosterse tale soos Arkadies, Aramees en Arabies blyk duidelik uit sy korrespondensie met die Hebraïkus, prof. Van Gelderen van Amsterdam. Dat Totius tydens die vertalingswerk reeds twee doktorsgrade in teologie besit het, gee 'n bewys van sy akademiese bekwaamheid in die wêreld van die Bybel.

Totius se kennis, liefde en suiwer gebruik van die Afrikaanse taal, het aan hom 'n uitnemende behendigheid as vertaler gegee. Hy was 'n digter en skrywer van formaat. Sy kennis van die letterkunde blyk duidelik uit sy prysenswaardige lesing, *Die digter as siener*, voor die SA Akademie in 1909 – tot vandag nog 'n hooggeagte

lesing in die Afrikaanse letterkunde. In al hierdie dinge was hy gevorm vir die werk. Daarby het sy persoonlike smart met die skielike dood van twee kinders in 1919, wat in die digbundel, *Passieblomme*, beween word, aan hom 'n innige deurliewing van die lydingspsalms gegee.

### Pynlike nougesetheid en korrektheid

Taaladviseurs en vakmanne in die oorspronklike tale (ook in die buiteland) was dit met die 1933-Bybelvertaling almal eens: Totius se presiesheid was buitengewoon. Dit blyk o.a. uit die 60 briewe wat hy destyds aan prof. Van Gelderen, die Hebreeuse kenner in Amsterdam geskryf het. Hy het met één enkele Hebreeuse woord tot op die been ingegaan totdat hy – soos wat hy gedink het – die presiese woord of die beste sinsnede in Afrikaans kon vind. Altyd maar toets, woordeboek na woordeboek, taal na taal en advies na advies by die kenners. Een enkele voorbeeld (onder baie!) is die Hebreeuse woord *jada* wat hy met “ken” in Psalm 139 vertaal het. In sy aantekeninge gaan Totius tot in die fynste nuanses daarop in. In kort, die woord *jada*, beteken in Afrikaans veel meer as om bloot iets te weet; jy is by die persoon wat jy ken *betrokke*, jy is deel van die saak waarvan jy kennis het.

Uiteindelik het Totius die hele manuskrip van die Bybel in Afrikaans hersien – ook die Nuwe Testament. In Londen, waar die Afrikaanse Bybel gedruk sou word, roep hy die hulp van Suid-Afrika se assistent-handelskommissaris, dr Frans du Toit in, om tot op die laaste nog “foutjies” in die proewe by die drukker “reg te maak”. Op 12 Januarie 1929, toe die eerste gedeeltes reeds aan die drukker afgelewer is, skryf Totius aan dr Frans du Toit:

“Baie tyd is gegee aan revisie en proewe. Ekself het baie daaraan gespandeer om perikope in die Evangelies met mekaar te vergelyk. Nou is dit die vertalers se ernstige versoek of u so goed sal wees om verlaas toe te sien dat korreksies reg

uitgevoer word voor afdruk”. Dan volg daar op aparte bladsye lang lyste van “klein foutjies” wat moet reggestel word. Ruimte ontbreek in hierdie artikel om besonderhede te gee. By Totius se verleentheid oor die drukkers se moontlike ongeduld met aanhoudende korreksies wat brief na brief inkom, druk Totius eenvoudig deur en skryf verder: “Jammer dat ek u moet lastig val, maar ons (die vertalers) het probeer om hierdie eerste uitgaaf so goed moontlik te maak en hulle (die drukkers) moet dit maar verstaan”.

### Hersiening van die 1953-uitgawe

Gelyktydig met die Afrikaanse Bybelvertaling en daarna het Totius ook die Psalms berym. Ook dit het hy met nougesette korrektheid, trou aan die oorspronklike Hebreeus en sy vertalingsbeginsels probeer doen. Voortdurend maar altyd korreksies – die oorspronklike manuskripte in die argief getuig daarvan. Dit is asof hy met sy vertalingswerk nooit kon klaarkry nie. Vir meer as 20 jaar, tot by sy dood in 1953, sou hy met die *Hersiening van die Afrikaanse Bybel* besig wees. Prof. dr Hertzog Venter, sy persoonlike taaladviseur in hierdie jare, skryf:

“Sedert sy aftrede as hoogleraar aan die Teologiese Skool het hy aan die hersiening gearbei, en dit was vir 'n man van sy jare, met afnemende kragte en swak sig, 'n ontsettende swaar werk. Uit hoofde van sy besorgdheid en deeglikheid kon hy aan omtrent niks anders dink as die Bybelrevisie nie, en hy het amper oor niks anders gepraat nie; dit was as't ware by hom 'n passie dat die hersiene Bybel so korrek moontlik moet wees”.

So korrek moontlik ... dit was Totius se één, oortuigde standpunt vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans!

\*Alle gegewens in hierdie artikel is gedokumenteerd in die biografie *Dit is Totius*, deur V.E. 'Assonville, Pretoria: Marnix, 1993.

### Vervolg van bl. 6

Verder, indien 'n mens die prominente rol wat die GRA hierin vervul het onthou, en op die naam waarop daar in 1875 besluit is agslaan, is die

uitdrukking “Regte Afrikaners” van opvallende betekenis. Hieruit kan 'n belangrike afleiding oor wat ondermeer 'n regte Afrikaner sou wees, gemaak word. 'n Liefde vir die Afrikaanse taal wat deur 'n oortreffende

liefde vir die Woord van God gekenmerk word, sal 'n inherente eienskap van 'n Christen-Afrikaner wees.

- Red.







*Arnoldus Pannevis*




*C.P. Hoogenhout*



*Ds S.J. du Toit*



*Eerste pogings tot 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans.*



*Die eindvertalers van die 1933-Bybel in Afrikaans, met in die middel agter ds. H.P.M. Steyn van die Bybelgenootskap.*



*Totius*

*Foto-plasing met dank en erkenning teenoor die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.*

# Die Bybel in die skool/onderwys

## Deel 1

– J.H. Jordaan, afgetrede professor van die voormalige Dept. Historiese Opvoedkunde, Fakulteit Opvoedkunde, UNISA

### Inleiding

Na aanleiding van die Woord van God/ *Die Bybel* sing ons:

Heugelike tyding, bron van hartverblyding – evangeliewoord!

Woord van lig en lewe rig ons aardse strewe as bevrydingswoord ...

... (Gesang 94, *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*)

Johannes Calvyn het die aandag daarop gevestig dat die ware Christelike godsdiens/geloof volkome op *Die Bybel* gebaseer is/moet wees. Maarten Luther het op die noodsaaklikheid gewys dat die Bybel aan alle Christene – volwassenes en kinders – in hulle moedertaal beskikbaar moet wees. Derhalwe het hy *Die Bybel* in Duits vertaal, sodat al sy landgenote dit self kon lees. Daardeur sou hulle nie van die gebruiklike Latyn, soos deur die priesters van die Rooms-Katolieke Kerk gebesig, maar vir die gewone mense onverstaaenbaar, afhanklik hoef te gewees het nie. In Suid-Afrika vier ons met dankbaarheid die 75ste bestaansjaar van *Die Bybel* in Afrikaans. Voordat die volledige Bybel in Afrikaans in 1933, in ons moedertaal, beskikbaar geword het, kan 'n mens jou voorstel dat die kinders die destydse Bybel in Hooghollands miskien maar moeilik begryp het.


In Jakobus 4 moedig Paulus ons aan om daders van die Woord (Die Wet van God, soos in *Die Bybel* vervat) te wees en nie net *hoorders* nie. Mens kan jou hedendaags afvra hoe skoolkinders 'daders' van *Die Bybel* kan wees as hulle in die staatskole deur die Nasionale Departement van Onderwys, t.o.v. Godsdiensonderig, opvallend ingeperk word en dan ook nog in die beperkte tyd gekonfronteer word om kennis van al die gelowe/godsdienste in Suid-Afrika op te doen?

In die dae van die Voortrekkers was **boekevat** (gereëld huisgodsdiens geïnspireer vanuit *Die Bybel*) 'n prioriteit m.b.t. hul kinders se opvoeding en onderwys. In die jare voor die ANC-regering aan bewind gekom het, het Bybelonderrig-perio-

des 'n belangrike komponent van die kurrikulum in die gesegregeerde skole (vir die afsonderlike kultuur- en volksgroepe) gevorm. Die Christelike geloof, gebaseer op *Die Bybel*, het veral in die skole onder die Afrikaner-geleedere voorop gestaan.

Om betekenisvol te antwoord op die vraag na wat die stand/plek/rol/belangrikheid/uitwerking van *Die Bybel* in die skool/onderwys hedendaags is, het die skrywer dit goedgedink om in die praktyk self te gaan kersopsteek. Derhalwe het hy besluit om navraag by 'n verskeidenheid skole in Suid-Afrika te doen; laer- en hoërskole, staats- sowel as privaatskole, enkel- en dubbelmediumskole, monokultuur- en multikulturele skole in verskillende dele van Suid-Afrika, en terselfdertyd openhartige menings/opinies te vra van: (1) die leerlinge self, (2) die ouers van skoolgaande leerlinge, (3) skoolhoofde en onderwysers. Daar is verder ook van die arbeid en ondervinding van die Gideons in SA kennis geneem, wat onder meer Nuwe Testamente in skole plaas, asook van die werk van Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Die antwoorde deur al die voormelde 'kategorieë' op die bogenoemde vraag verstrekkend, sal dan bekend gemaak word.

Dit moet onthou word dat die onderwys van kinders nie slegs op skool plaasvind nie, maar ook in die tuis- onderrig deur ouers, asook die kerke deur, byvoorbeeld, die Sondagskool en die Kinderkrans. Die skrywer onthou nog goed hoe vir die Sondagskool elke Sondag 'n Bybelvers en een strofe van 'n Psalm/Gesang uit die hoof geleer moes word om te 'kwalifiseer' vir die diploma en die



meegaande sterre aan die einde van die jaar. Buitemuurse aktiwiteite, soos byvoorbeeld die CSV, bring ook *Die Bybel* en die Christelike geloof sterk onder leerlinge se aandag.

### Die huidige onderwysbeleid van die staat en hoe dit skool/onderwys m.b.t. *Die Bybel* en die Christelike godsdiens raak

Na 'n belangrike Algemene Konferensie in 1994 is, ondermeer, die volgende besluite vir voorlegging aan die Minister van Onderwys deurgegee:

\* skoolbeheerrade moet die reg hê om te bepaal watter godsdiens in 'n skool benut sal word;

\* godsdienste van minderhede in 'n skool kan tydens godsdiensonderrig deur hul eie onderwysers behartig word;

\* slegs oortuigde lede van 'n godsdiens sal as onderwysers toegelaat word om godsdiens-onderrig te gee; en

\* ouers kan steeds skriftelik hul kinders van godsdiensonderrigklas- se onttrek.

Min het egter hiervan tereggekome in die multikulturele onderwysbeleid van die sg. "Nuwe Suid-Afrika", onder die ANC-regering, aangesien die Minister dit blykbaar om politieke redes doodgeswyg het.

**Vervolg op bl. 11**

## Vervolg van bl. 10

Die volgende kommentare het ondermeer na vore getree n.a.v. die Verslag van die Ministeriële Komitee vir Godsdiensoonderrig:

\* Uit Christelike onderwys-perspektief sou Christenskole graag die vryheid wou bekom om die terme: Bybelonderrig of Christelike Godsdiensoopvoeding te gebruik.

\* Dit word betreur dat die unieke aard van die Christendom en Christus self (as die enigste werklike verlosser) om politieke redes geïgnoreer word.

\* Die aanbeveling dat Godsdiensonderwys en (Skool-)Voorligting tot een studie-area saamgevoeg word, nl. Verantwoordelik Lewe (Lewensopvoeding/-oriëntering) met 'n sub-area: *Inter-kulturele en inter-godsdienstige vaardighede*, word bevestig.

\* Die inbring van nie-Bybelse studiemateriaal in die godsdiensonderwys tyd word as 'n poging gesien om die Christelike leerling van die Bybelse wortels van sy opvoeding te vervreem.

\* Daar word nie saamgestem met die feit dat onderwysers tydens hulle opleiding die beginsels en praktyk van die "hoof-godsdienste van Suid-Afrika, moet bestudeer ..." nie.

\* Dit is onaanvaarbaar dat vakadviseurs, eksaminatore en modere, wat nie lidmate van kerke van gereformeerde belydenis is nie, aangestel word vir Godsdiensoonderrig en Bybelkunde in Onderwysdepartemente.

\* Die Ministeriële Komitee se aanbeveling dat Godsdiensonderwys in

staatskole moet bly, anders sal die Christelike skole vinnig vermeerder, word ook bevestig.

Die Gautengse Onderwysdepartement het in 2001 die volgende as beleid deurgevoer:

\* Godsdiensoonderrig moet as deel van die leerarea Lewensoriëntering aangebied word.

\* 'n Vele-godsdienste-benadering moet te alle tye gevolg word.

\* Godsdienstige inhoud mag nie vanuit 'n enkel-godsdienste perspektief gegee word nie.

\* Leerlinge moet deel vorm van die godsdienstige onderrigprogram en mag nie uit 'n klas verskoon word nie, al vra die ouers daarvoor.

M.b.t. die Nasionale Onderwysdepartement se beleid oor Godsdiensoonderrig het die VCHO tot die konklusie gekom dat:

\* Die voorgestelde Godsdiensoonderrigbeleid 'n duidelike en dikwels anti-christelike karakter bevat.

\* Godsdienstvryheid sal totaal weggeen, en 'n veel-godsdienstige benadering sal deur skole en staatsmedia op almal afgedwing word.

Die volgende aanbevelings is deur die VCHO gemaak t.o.v. die voorafgaande bevindings:

\* Bybelonderrig en Christelike opvoeding moet 'n prioriteit vir ouers in elke verbondshuis word;

\* Onderwysersunies, Skoolbeheerrade en verenigings moet toesien, en onderwysers aanmoedig, om die tyd en geleentheid vir Christelike Godsdiensoonderrig (as deel van die leerarea Lewensoriëntering) ten volle deur kwaliteit Christelike onderrig te benut;

\* Onderwysersunies en Christelike verenigings moet onderwysers in alle skole aanmoedig om Bybelse leerstof en gesigspunte in alle vakke aktief by te werk, waar van toepassing. Tyd afgestaan vir Godsdiensonderwys moet in die eerste plek vir Bybelonderrig gebruik word.

Die Minister van Onderwys, N. Pandor, LP, het n.a.v. die Nasionale Kurrikulumverklaring – 'n nuwe kurrikulum vir grade 10, 11 en 12, kort beskrywings aan 'leerders' gegee van wat hulle in al 29 vakke, vervat in genoemde Verklaring, kan leer (*Beeld*, 2005, Des., 29):

T.o.v. Lewensoriëntering verklaar sy: "Hoe om 'n gebalanseerde lewenstyl te handhaaf en jou lewe verantwoordelik te bestuur deur kennis, vaardighede en waardes te ontwikkel wat jou in staat sal stel om ingeligte keuses oor jou persoonlike welstand, burgerlike verantwoordelike, deelname aan fisiese aktiwiteite en keuses van beroep te maak". (Let daarop dat niks spesifiek vermeld word van die rol van Godsdiensoonderrig nie!)

T.o.v. Religiestudies verklaar sy dat van die godsdienste wat deur die eeue heen in 'n verskeidenheid kulture aangetref is: "dit lei tot die erkenning, begrip en waardering van 'n verskeidenheid gelowe, met die oog op die ontwikkeling van relieuse geletterdheid".

Hiermee kan die Christengelowe nie akkoord gaan nie, aangesien alleen Christelike opvoedingsonderwys vanuit *Die Bybel* vir sy kind vir hom/haar van allesomvattende belang is wanneer dit om religiekennis/godsdiensoonderrig gaan.

(Word vervolg)



# Die Afrikaner-huisgesin en *Die Bybel*

– H.J. Hayes

## Herwaardering

Dit is 'n gevestigde menslike gebruik/optrede om ervarings/gebeure wat werklik saakmaak visueel te probeer vaslê, om die blywendheid daarvan te probeer verseker, sodat later daarop teruggekóm kan word. In ons moderne gejaagde lewenspatroon het dit haas noodsaaklik geword om indrukke wat ons met die oog hierop behoue wil laat bly, deur middel van 'n medium soos 'n foto-beeld, klankopname, of iets anders, vas te lê, vir latere herwaardering. Dit bied aan ons 'n **voorstelling van sodanige gebeure waarop ons later kan terugkom om die betekenis daarvan in terme van ons eie verwysing na wat belangrik is, te bepaal.**

## Afrikanertipiese gesinslewe

Uit ons volksgeskiedenis, sal baie van ons lede/lesers hulle herinner, word die Afrikanertipiese gesinslewe deur 'n besonder treffend-geïdealiseerde voorstelling na vore geroep, wat aan 'n fotobeeld of skildery herinner. Dit was naamlik dié van die huisgesin, afgesonderd op 'n boereplaas, wat teen die einde van die dag, vroeëand, by die etenstafel bymekaargekom het. Die gesamentlike ete wat met die gebruiklike dank- en seëngebed begin het, is afgehandel. Hiervandaan word daar nie opeens weggeskarrel om nou eers na ander belange te gaan omsien nie. 'n Baie belangrike stadium van die dag se verrigtinge het aangebreek, omdat dit tyd geword het vir wat vroeër as 'boekevat' bekendgestaan het. In daardie aan ons bekende voorstelling wat ons al soveel maal in geskiedenisboeke en elders aangetref het, word opvallende karaktertrekke van die Afrikaner-huisgesin op 'n baie aangrypende wyse tentoongestel. **In ons geestes-oog sien ons in die rustigheid van die aand die hoof van die gesin *Die Bybel* oopslaan, om saam met moeder en kinders die aandgodsdienis waar te neem. Dit is 'n geleentheid waarvan niemand ver-skoon word nie; elke gesinslid is teenwoordig en intens ingestel op**

**die lees en oordenking van die Woord. Niks anders kan nou belangriker wees nie as om na die dag se veeleisende werkdrukke doelbewus tyd in te ruim om in gewyde aanbidding voor God-Drieëinig te kom, lofpsalms-/gesange tot sy eer aan te hef, sy Woord wat die ewige Waarheidskennis bevat, met noulettendheid in te neem, en met Hom in gebed te verkeer. **Wat daar om die etenstafel gebeur het, deur *Die Bybel* as gesaghebbende Woord te laat spreek, was deurslaggewend en bepalend van die huisgesin se doen en late tussen die gereelde bymekaarkom soggens en saans. Elkeen het gewet dat dit stiptelik en op gesette tye gebeur, en so georden was dat boekevat nie 'n geïsoleerde plek in die huishouding inneem, en die betekenis daarvan in die volgepakte dagprogram verlore-gaan nie.****

## Wat 'n vererende voorstelling van ons volk!

Wat die aanskouer van daardie visuele voorstelling waarneem is trouens 'n uitbeelding van die kleinste en eerste menslike betrekkinge waarvan *Die Bybel* ons meedeel, en waaraan in die godsdienstige en kulturele lewe van die Afrikaner beslag gegee was. Weliswaar onvolmaak, vanweë die ingreep van die sondeval, en in die tydelik-aardse verbintenisse van huwelik en huisgesin, soos wat God-Drieëinig dit van die begin af verorden het, verkeer hulle in afhanklikheid voor Hom, om hulle in hul aardse wel en weë aan Hom en sy Woord te verbind. Maar wat daar gebeur (het) getuig nou reeds van 'n groter en heerliker onafgebroke toewyding eendag in die nuwe hemel-aardebedeling. **Watter meer sprekende voorstelling (fotobeeld) van 'n volk kan daar wees as een wat in gesinsverband rondom die Woord verenig is?** Is daar nog 'n ander volk op aarde wat die eer te beurt geval het om op hierdie wyse uitgebeeld te word?, hoewel dit ook van ander volkere waar is dat hulle die Here so dien.

## Onder die geseënde Woord

In ons vroeëre verlede was die tipiese uitbeelding van ons volk dus dié waarin die Afrikaner-huisgesin rondom die etenstafel vergader is, sodat die Woord gesagvol kan spreek. Dit is hierdie tafel wat as 'n bevestiging van ryke seënninge aan die gesin gedek was; die plek waar die huisaltaar sinnebeeldig opgerig staan, waar die offers van die gesin gebring word; offers van lofverheffing en gebed, van dankbetuiging en toewyding, en 'n bereidheid om vanuit die Woord onderrig en toegerus te word, met die oog op die hoë en heerlike roeping wat reeds hier op aarde begin. **Die wyse waarop dit ingerig was, is tot vandag toe 'n wonderlike getuigenis van die voorsienigheid van God ons Vader, ook wat die gesinslewe betref, en waarin sy Woord sentraal staan:** Eers die inneem van die voedsel wat nodig is vir die liggaam, met die oog op die tydelike, deur Hom voorsien, en waarvoor Hy gedank en geëer word. Daarna die ware voedsel van die Woord, wat met die oog op die ewigheid geneem word, **wanneer *Die Bybel* oopgeslaan en met aandag en ontsag teenoor Hom, die Outeur, gelees en oordink word.** Die inneem van die tydelike en ewige voedsel het op die belydenis berus dat daar opnuut voorsien is in en deur die persoon van die Here Jesus, wat die vleesgeworde Woord is, sodat die in-Hom-herstelde huisgesin telkens weer vrymoedig onder sy seënende hand kan byeenkom. So sluit hierdie twee, nl. die neem van die voedsel vir die liggaam en van die voedsel vir die geestelike lewe, waarin God-Drieëinig se omvattende versorging ten opsigte van die tydelike en ewige bestemmings van die huisgesin, wat in die kulturele en godsdienstige handeling wat daar plaasgevind het tot uitdrukking kom, op so 'n wyse bymekaar aan dat dit telkens op 'n dankbare getuigenis hiervan uitloop. Verder word uit die wyse waarop die

**Vervolg op bl. 13**

## Vervolg van bl 12

aandete en aandgodsdien gehou word, **duidelik met watter gesindheid die Bybelse opdragte oor die gebruik van die voedsel en die drank, ook en veral in die geestelike sin van die Woord, bejeën was, deur sorgvuldig daaraan gehoor te gee.** Net soos wat die moeder van die huis teen die fisiese verwaarlosing van die gesin gewaak het, so die vader teen die verwaarlosing van die godsdienstige lewe van die gesin.

En dan was dit die goeie gebruik dat in die aflowp van die bymeekaarkom oor die dag se gebeure nabetraging gehou word, waar besondere sake van belang uitgelig en binne die intieme gesinskring bespreek, en in die lig van die Skrif in perspektief gebring was, alvorens daar met die gebruiklike gesinsaktiwiteite voortgegaan was.

Hier – in die eertydse Afrikaner-huisgesin – vind ons **Die Bybel** as die gesaghebbende Woord van God wat sy sentrale plek in die gesinsopset ingeneem het, om as't ware 24 uur van die dag tot die gesin te spreek, m.a.w. die gesag daarvan het nie net sover gestrek as wat die vader van die gesin dit vir die beëindiging van die huisgodsdienst toegemaak het, totdat die volgende boekevat aanbreek nie. Hier was dit 'n geval dat die Woord die Allerbron word van waaruit die absolute kennis oor ons Alvermoënde God geput word; kennis wat nie deur enige ander bron van inligting of kennis tot die mens se beskikking, soos die wetenskap, ophef of verdring sou kon word nie. **In hierdie gesinsopset het die betekenis en voorwaardes van die verbondsgenade gestalte gekry, deur dit op die Afrikaner-huisgesin te betrek en op die werklikheid van hulle bestaan van toepassing te maak.** Vanuit hierdie herstelde, innige verhouding met God-Drieëinig was daar geleef en gewerk, terwyl die eise van die verbond as bepalend van die manier waarop dit gedoen moes word, beskou was. In so 'n gesinsopset, waarin **Die Bybel** midde-in die elkedagse bedrywighede, nie 'weggeraak' het om eers weer tydens huisbesoek tevoorskyn gebring te word nie, het dit 'n kragtige invloed in die samelewing kon uitoefen, waardeur die Christelike gesin tot 'n vesting waar die Bybelse


lewenstyl kon gedy, en as 'n bolwerk teen vreemde invloede van buite geposisioneer kon word; deur Woordkennis in staat gestel om korrupte idees wat die huis sou wou binnedring, effektief te stuit. Die Afrikaner-huisgesin van weleer was 'n huisgesin wat hom in alles aan **Die Bybel** gebonde geag het.

### Opvoeding en onderwys

Die wyse waarop die huisgesin van vroeër ingerig was, deur dit vanuit die Woord te begrond, het die mees geskikte omgewing waarbinne aan die opvoeding en onderwys van ons voorgeslagte beslag gegee kon word, daargestel. Terwyl dit so behoort te wees dat die fondament vir die opvoeding in die huisgesin gelê word, soos dit inderdaad in ons volkshuishouding die geval was, kon in daardie jare ook nog oorwegend in tuisonderwys voorsien word, hoewel toenemende spesialisasie dit in latere jare veel moeiliker gemaak het. Die natuurlike ontwikkeling van Christelike-nasionale onderwys moet egter as 'n belangrike uitvloeisel van die beheer wat die huisgesin steeds oor die onderwys behou het gesien word, omdat dit as 'n verlengstuk van tuisonderwys hanteer was. Ouerbeheer is as 'n noodsaaklike beginsel aanvaar en toegepas, met die uitsluitlike doel om te verseker dat die onderwys wat binne CNO-verband voorsien word, aan die beginsels van die Woord beantwoord.


### Huisgesin en Die Bybel in 2008?

Die lewensnoodsaaklike vraag wat in hierdie 75ste bestaansjaar van **Die**



**Bybel** in Afrikaans gevra wil word is: met watter voorstelling sou die Afrikaner-huisgesin van 2008 getipeer kon word, en tot welke mate figureer die Skrif nog daarin? Sedert die voorstelling waarna vroeër verwys is nog gelding gehad het, het baie dinge intussen verander, die lewenstyl van die Afrikaner in geen geringe mate nie, ter uitsondering. Ja, omstandighede het verander, en ons leef nie meer soos 'n eeu of wat gelede nie. Die Afrikaner het grootliks verstedelik, en ons lewenstempo aansienlik versnel, wat ons voor nuwe uitdagings te staan gebring het. Tegnologiese vooruitgang het 'n onverwagte nuwe dimensie tot ons belewing van die werklikheid toegevoeg. Ekonomies-maatskaplike realiteite oefen tans geweldige druk op die handhawing van 'n aanvaarbare lewenspeil uit. Ons moderne gesinslewe het 'n ewe ingrypende verandering ondergaan. Maar het 'n veranderde lewenstyl, tegnologie of ekonomiese druk dan nou **meegebring dat die Woord van sy Goddelike gelding en gesag om in alle omstandighede lewenskragtig tot ons te spreek, ontnem is?**

Ten tye van die verskyning van die eerste Bybel in Afrikaans was omstandighede nie méér gunstig as in ons tyd nie, met depressie, werkloosheid en maatskaplike probleme waarmee die Afrikaner gekonfronteer was. Tog het die feit dat hulle daarvoor beskik het, en dit in eie taal, 'n omwenteling in die Afrikaner se gemoedstoestand en toekomsverwagtinge tot gevolg gehad, wat hulle die hand aan die ploeg laat slaan het, om hulle op al die lewensterreine, met inbegrip van die gesinslewe en onderwys, met nuwe ywer aan die uitlewing van hul Christelike roeping te wy, met geseënde gevolg. **Dit het gebeur omdat Die Bybel sy regmatige plek in die Afrikaner-gesinslewe ingeneem het.**

In hierdie 75ste bestaansjaar van die Afrikaanse Bybel is daar by vele van ons 'n versugting en gebed dat daar onder ons volk, en dan veral binne die verband van die huisgesin, 'n beweging terug na die Woord as die onwankelbare grondslag van ons lewens vir reeds meer as 3,5 eeue, sal plaasvind. Mag die viering van hierdie só belangrike geleentheid ons daartoe inspireer, gedring deur die werking van Gods Gees. 

# Die gesag van die Skrif

– Geneem uit: *Ek glo in die Bybel, deur dr W. Marais*

Die woord *gesag* is afgelei van die stam: *om te sê*. Dit is die reg wat iemand het om iets te sê, dit wil sê seggenskap te hê. Dit kan ook beteken om iemand of iets anders iets te laat sê. Dit is dus die reg om oor andere besluite te neem en om aan hulle opdragte te gee, dit wil sê om oor andere gesag uit te oefen. Gesag is dus ter wille van orde en dissipline, vrede en harmonie ingestel, aangesien die sonde tot onrus, ongebondenheid, ongehoorsaamheid en wanorde aanleiding gee.

God alleen beskik oor volstreekte, onbegrensde gesag. Alle aardse vorme van gesag bly dus afgeleide of verleende gesag. In hierdie opsig neem die heilige Skrif 'n unieke plek in, want dit is God self wat in die Skrif aan die woord kom (vgl. Rom. 9:17) en verklaar dat die Skrif oor Goddelike gesag beskik wat deur alle mense eerbiedig moet word: Moses het vir die kinders van Israel gesê: “Julle moet die gebooi van die Here julle God en sy getuienisse en sy insettinge wat Hy jou beveel het, ywerig onderhou” (Deut. 6:17). Verder het hy hulle beveel om 'n afskrif van die wet wat voor die Levitiese priesters lê aan elke koning te gee sodat hy dit kan lees en leer dat hy al die insettinge daarin moet onderhou en nie links of regs van dié gebod afwyk nie (Deut. 17:18-20). Moses het sy bediening afgesluit deur die kinders van Israel te beveel: “Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, dat julle dit julle kinders beveel om al die woorde van hierdie wet sorgvuldig te hou” (Deut. 32:46).

In Prediker 12:13 lees ons: “Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooi; want dit geld vir alle mense.” Die woord van die Here het tot Jeremia gekom en gesê: “En Ek sal oor dié land bring al my woorde wat Ek daarvoor gespreek het – alles wat geskrywe is in hierdie boek, wat Jeremia geprofeteer het oor al die nasies” (Jer. 25:13). C.F.H. Henry skryf: “The prophet Jeremiah does full justice to

the dynamic vitality of God's *dabar*, yet declares that the words of Yahweh are to be recorded in the 'roll of a book' so that the written word may turn Israel and Judah from their wicked ways (Jer. 36:2, 3). **The written word may therefore be viewed as no less potent than the spoken word.**”

Ek kan dus saamstem met G.L. Bahsen waar hy aanvoer: “Throughout its record the Bible pre-supposes its own authority. For instance, the Old Testament is often cited in the New Testament with such formulas as ‘God says’ or ‘the Holy Spirit says’ (as in Acts 1:16; 3:24-25; 2 Cor. 6:16). What Scripture says is identified with what God says (e.g., Gal. 3:8; Rom. 9:16). For that reason all theological arguments are settled in the formula ‘it stands written’ (literal translation). The same authority attaches to the writings of the apostles (1 Cor. 15:1-2; 2 Thess. 2:15; 2:14), since these writings are placed on a par with the Old Testament Scriptures (2 Pet. 3:15-16; Rev. 1:3). Apostolic Scriptures often has the common formula ‘it stands written’ applied to it (e.g., John 20:31). Therefore the Old and the New Testaments are presented in the Bible itself as the authoritative, written, Word of God.”

In die Nuwe Testament lê Jesus dit byvoorbeeld in die mond van Abraham om vir die ryk man te sê: “Hulle het Moses en die profete; laat hulle na dié luister” (Luk. 16:29). Sodoende het Hy verklaar dat die Skrifte met gesag beklee is. Die Bybel bevat beslis nie slegs leidrade nie, maar wel duidelike gebooi, voorskrifte en bevele wat deur alle mense gehoorsaam moet word (vgl. Pred. 12:13; Matt. 8:4; 2 Tess. 2:15; 1 Kor. 11:17), en die Skrif beveel: “Hou jou binne die perke wat God gestel het” (1 Kor. 4:6 – 1983-Vertaling). Paulus skryf: “Maar wat ons reeds bereik het – laat ons volgens dieselfde reël (*kanon*) wandel ...” (Fil. 3:16; vgl. 2 Kor.



10:13, 14; Gal. 6:16). Hy gebruik die woord *kanon*; dit is 'n geloofsvoorskrif, rigsgnoer, outoriteit en beteken om te heers of te kontroleer. Die opdrag van Paulus beteken om vas te hou aan die geloof wat die apostels bely het (Rom. 12:6; Heb. 13:7); want daar was reeds vroeg geskryfte in omloop wat valslik onder die name van die apostels en Nuwe Testamentiese skrywers verskyn het (vgl. 2 Tess. 2:2).

“As an example, two important Christian Church writers, Tertulian and Jerome, tell us that a presbyter from Asia (Turkey) published a counter epistle that he claimed the apostle Paul had written. Church leaders instantly instigated an ecclesiastical trial to examine this claim. They subsequently convicted this counterfeiter and repudiated this spurious forgery. Their rejection of this forgery was widely published to other churches throughout the empire” (G.R. Jeffrey). Jeffrey sê voorts: “All scholars acknowledge that the New Testament was widely copied and translated into many other languages during the first few decades following the resurrection of Christ. **Numerous ancient manuscripts of the New Testament have survived** in different languages. These manuscripts confirm that there were **no differences in the texts**

**Vervolg op bl 15**

**regarding doctrine or factual matters ... In addition, the widespread copying and translation of the Scriptures made it absolutely impossible for anyone to corrupt the legitimate text** of the New Testament by introducing an invented story of a miracle or of a false doctrine into a counterfeit copy ... Any textual differences would instantly identify a counterfeit text as a forgery. The profound love of the saints for the New Testament during the first centuries of the Church age assure us that they were vigilant in their defense and preservation of the integrity of the Scriptures. This fact allows us to have total confidence that we possess today the same New Testament that was given for the Church by the inspired writers.” F.N. Lee skryf: “Die groot wiskundige, Panin, het beweer dat die patristiese Kerk sodanig vanuit die Skrifte geleef het en dit so kwistig aangehaal het, dat, al sou alle Griekse en Hebreeuse kopieë van die Bybel verbrand word, jy die ganse Skrif – buiten elf verse daarin – ook vanuit die aanhalings daarvan in die patristiese lektuur 100-160 n.C. sou kon terugwen.”

Hierdie afleiding word ook bevestig deur die getuienis van talle kerkvaders: “Furthermore, the immense number of quotations made from the New Testament by the early Christian writers is witness to the growing consciousness that these were of inspired authority, indeed, they were quoted or alluded to as of equal authority with the Old Testament Scriptures. Dean Burgan, in his great index of patristic quotations, discovered 22 534 in the writings alone of Justin Martyr, Irenaeus, Clement of Alexandria, and Origen; and these quotations are from the Gospels, Acts, the Pauline and Catholic Epistles, and the Apocalypse” (Scroggie).

Tesame met die geskrifte van die kerkvaders het daar ook spoedig apokriewe geskrifte ontstaan. Maar hulle is “spoedig onderken as vals, oneg, onbetroubaar, vrome bedrog,

ondanks ’n historiese kern waaromheen gefantaseer is” (J.J. Müller). Origines (185-254 n.C.) skryf byvoorbeeld: “Quatuor Evangelia hebent Ecclesia, haeresis plurima” (die kerk het vier Evangelies, die ketterye baie). “By die derde konsilie van Carthago in die jaar 397, waar die Nuwe-Testamentiese kanon sy finale beslag gekry het, is uitdruklik besluit dat ‘behalwe die kanonieke Skrifte’ (wat die Nuwe Testament betref, die sewe en twintig boeke wat ons tans het) niks in die kerk gelees mag word onder die naam van heilige Skrifte nie” (Müller). Scroggie skryf: “In any case, we know that by the end of the fourth century the books which make our New Testament were universally acknowledged to be Holy Scripture.”

Ons begryp dus die bevel van Paulus: “Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus en die uitverkore engele dat jy hierdie dinge sonder vooroordeel in ag neem en niks uit partydigheid doen nie” (1 Tim. 5:21) en ook: “En dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is óf deur ’n woord óf deur ’n brief van ons” (2 Tess. 2:15). ’n Bietjie verder volg hy dit op met: “En as iemand aan ons woord in hierdie brief nie gehoorsaam is nie, teken dié man en hou geen gemeenskap met hom nie, sodat hy skaam kan word” (2 Tess. 3:14). Dat die voorskrifte in die Bybel vir Paulus ’n saak van groot erns is, blyk uit die waarskuwing wat hy reeds aan die begin van die brief laat hoor het, deur te sê dat die Here Jesus Christus wanneer Hy kom “... wraak (gaan) uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie nie gehoorsaam is nie. Hulle sal as straf ondergaan ’n ewige verderf ...” (2 Tess. 1:7-9).

Daar staan geskryf: “... en die boeke is geopen” (Op. 20:12). Een van dié boeke is die boek van ons gewete of van ons hele lewe, want “daar is niks bedek wat nie geopenbaar sal word nie” (Luk. 12:2). Dit geld natuurlik nie van dié wat gered

word nie, want daar is geen veroordeling vir die wat in Christus is nie (Rom. 8:1); hulle sondes word gereinig deur die bloed van die Seun (1 Joh. 1:7) en aan hulle sondes en oortredinge word nooit meer gedink nie (Heb 8:12). Die boek van ons gewete of van ons lewe begin al vóór ons geboorte, omdat ons in sonde ontvang en gebore word (Job 14:4; Ps. 51:7; Rom. 3:22, 23; 5:12; Ef. 2:1-3). In Adam het ons ons voorreg op die ewige lewe verbeur (Rom. 5:12). Dit is die skuld van ons sonde. Maar die oordeel gaan ook oor ons verborge sondes (Pred. 12:14; Rom. 2:16); oor ons begeertes (Eks. 20:7); ons gesindhede (1 Joh. 3:15); ons gedagtes (Mark. 7:21, 22); ons woorde (Matt. 12:36 en ons werke (Op. 20:12).

’n Ander boek wat oopgemaak word, is die Bybel. Jesus het gesê dat die woorde wat Hy gespreek het ons sal oordeel op die laaste dag (Joh. 12:48). Op dié dag geld die vrae: Was ek versigtig soos ’n slang en opreg soos ’n duif? (Matt. 10:16); het ek slegte geselskap vermy? (1 Kor. 15:33); het ek gevlug vir die begeerlikhede van die jeug? (2 Tim. 2:22); het ek kuis gelewe? (1 Tim. 5:22); het ek my ouers geëer? (Ef. 6:1, 2); het ek gedurig gebid (1 Tess. 5:17); het ek die onderlinge byeenkomste versuim, soos sommige die gewoonte gehad het? (Heb. 10:25); het ek my hart, dit is my hele lewe, vir die Here gegee? (Spr. 23:26).

Nog ’n boek wat oopgemaak sal word, is die boek van die lewe van die Lam. Sal my naam uit dié boek afgelees word? Die vraag is of ek my al beklee het met Jesus? (Rom. 13:14), of ek Hom al as my Saligmaker (Joh. 1:12) en as my Here (Kol. 2:6) aangeneem het? Elkeen sal vir homself aan God rekenskap gee (Rom 14:10, 12). Die oordeel sal regverdig wees (Hand. 17:30, 31). Net wat ’n mens saai, sal hy ook maai (Gal. 6:7, 8). Almal sal nie ewe swaar gestraf word nie (Luk. 12:47, 48). Nie almal sal dieselfde loon ontvang nie (Dan. 12:3). Ons lees: “En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:12).



# Perspektiewe met betrekking tot veranderinge in ons Skrifbeskouing

– Ds J.J. (Hanan) Viljoen

'n Kern-aangeleentheid waaroor dit in die afgelope dekade of twee in ons teologiese debatvoering in Suid-Afrika gegaan het, is ons Skrifbeskouing. Tot hierdie debat het verskillende persone bydraes in kerkblaaië, koerante en ander skrywes gelewer. Die skrywer bepaal hom in hierdie artikel by enkele van hierdie perspektiewe.

Prof. R. Britz gee in die Gereformeerde Internetydskrif, *Vox Viva*, van Desember 2007, 'n historiese oorsig oor verwickelinge binne die NG Kerk oor die afgelope vyftig jaar. Hy doen deeglike verantwoording van die feite wat hy op die tafel plaas. Die skrywer wil dit waag om te sê dat daar nie oor die afgelope tien jaar 'n dokument op die teologiese tafel gekom het, wat die aandag van lidmate, predikante en teoloë meer indringend vra, as dié van prof. Britz nie.


Die kern-gevolgtrekking waartoe Britz in sy 14 bladsye studie kom, is dat daar 'n **“ommekeer in die teologiese Skrifbeskouing”** van die NG Kerk gekom het (Bl. 1 van sy artikel). Hy toon ook aan dat hierdie ommekeer aan **“die kern van die bestaan”** van die NG Kerk lê. Hiermee, volgens die skrywer se oordeel, bedoel prof. Britz dat dood en lewe vir die Kerk saamhang met sy Skrifbeskouing en Skrifhantering. Die skrywer glo dat min van ons hieroor met hom sal verskil. Hierdie laaste opmerking geld, soos vir die NG Kerk, ook vir die susterkerke en ander kerke van gereformeerde oortuiging.

Britz se studie begin agt-en-vyftig jaar gelede by die intrede van die jong dr P. Verhoef as professor aan die Kweekskool op Stellenbosch. Aangesien besonderhede rondom die genoemde teologiese ontwikkelings in detail in die *Vox Viva* Internetydskrif uiteengesit word, fokus ons slegs oorsigtelik op enkele hoofmomente.

Britz wys met die nodige bronnelys-aanhalings as bevestiging daarop,

dat dr Verhoef by die genoemde geleentheid **“die oortuiging van die NG Kerk ge-eggo het, dat dit in die Skrif allereers om die openbaring van God gaan”**. Hy vervolg: **“Verklaringsmetodes waarin 'n totale vermensliking van die Woord van God op die spits gedryf is om die heil vir die moderne mens aanvaarbaar te maak, het by die kerk nie navolging gevind nie.”** Wie noukeurig hoor wat Britz in die bostaande stellings skrywe, en ook op die hoogte is met wat veral in die teologiese debat oor die video van WTL (Kyk bronnestudie) gesê is, sal weet dat die **aanvaarbaarmaking van die boodskap van die Bybel vir die moderne mens, as dié metode voorgehou word om die Kerk te 'red!** Veral word aan opmerkings soos dié van prof. J. Muller oor die sg. “agterhaalde teologie en wêreldbeskouing” wat die moderne mens nie meer aanspreek nie, gedink. Dit is vanuit hierdie “aanvaarbaarmaking”, dat die maagdelike geboorte van Christus, sy liggaamlike opstanding, sy hemelvaart, en bo alles sy plaasbekledende lyding en hoëpriesterlike werk bevraagteken en selfs lasterlik daarvoor gepraat word! Die teenstelling tussen die Skrifbenadering van destyds en van vandag, is hieruit reeds meer as duidelik. Dit gaan in die eerste plek daarvoor of ons die Bybel sien en gebruik vanuit die teologiese Skrifbeskouing van die Reformasie, óf dié van die moderne Skrifkritiese benadering.

Britz gaan verder en haal prof. J.L. de Villiers, nog 'n teoloog uit daardie tyd, aan. De Villiers stel dit, dat óf jy **“aanvaar die woord van God as geïnspireerd deur die Gees van God en dat dit daarom absolute gesag het, óf, dit is 'n gewone boek, wat volgens gewone hermeneutiese reëls, geldig vir alle boeke, uitgelê moet word”**. **“Die Gereformeerde eksegeet”**, sê De Villiers, **“gaan uit vanuit die eerste benadering.”**



Britz haal ook prof. F.J.M. Potgieter (ook vroeëre voorsitter van die VCHO-hoofbestuur) uit die vyftigerjare aan. Potgieter skrywe oor die Skrifbeskouing van Barth wat gesê het dat die Bybel mensewoorde **“vol foute en feile is, en as sodanig regmatige objek van kritiek moet wees”**. Hierteen neem Potgieter stelling in en sê **“Die Skrif bly die Woord van God al is dit ter wille van ons in menslike taalvorm gestel, net soos Christus God gebly het, al het Hy as Middelaar ter wille van ons die menslike natuur aangeneem.”** Een ding word uit die skrywes van die drie genoemde professore van destyds duidelik. Dit is dat hulle – soos hulle kerk van destyds – Die Bybel as onfeilbare openbaring en spreke van God gesien het. Vanuit hierdie benadering was die heilshistoriese gebeurtenisse soos die vleeswording van Christus, sy plaasvervangende sterwe, sy opstanding, sy hemelvaart en sy wederkoms as letterlike gebeurtenisse gesien. Die heil en die genade van God was ook onlosmaaklik aan hierdie gebeurtenisse gekoppel. In kort, dit was “dié evangelie” wat verkondig was. Die historiese verhale rondom die evangelie was nie metafories vertolk of simbolies geïnterpreteer nie. Om die kontras in die teologiese benadering

Vervolg op bl. 17




van die huidige tyd aan te dui, is miskien oorbodig. Laat die skrywer met die enkele voorbeeld van die opstanding van Christus volstaan. In die “metaforiese teologie” word die opstanding nie letterlik as historiese gebeurtenis opgeneem nie, maar simbolies vertolk. Dit wil aanvaar word dat die meerderheid persone wat hier lees, met die feite van die debat vertrou is. U sal ook daarvan bewus wees dat die tradisionele manier waarop die evangelie verkondig was, in die jongste tyd beskryf is as “**agterhaald**” en gelyk aan ’n “**plat aarde wêreldbeskouing waaraan die moderne mens nie meer glo nie**”. Hierdie veranderde benadering in die evangelieverkondiging is volgens Britz “**die ommekeer**” wat in die teologiese Skrifbeskouing van die NG Kerk gekom het. Hy is reg. Op voetsoolvlak, soos by die teologiese opleiding van studente, beteken die nuwe Skrifbenadering, dat vir studente gesê word dat ons nie meer letterlik glo in die wonderwerke van

die Bybel nie – Ou en Nuwe Testament. Geen wonder nie dat, volgens ’n skrywe van ’n teologiese student in die *Kerkbode* van 16 November 2001, tientalle studente by die Universiteit van Pretoria se Kweekskool hulle geloof verloor het, en reeds hulle studies gestaak het! Die gemis aan integriteit wat saamhang met die nuwe benadering tot Die Bybel, is iets waarmee hulle klaarblyklik nie kon saamlewe nie. Kan ons hulle verkwalik?

Daar word kortliks na die skrywe van prof. Britz oor die teologie in die vyftigerjare teruggekeer. Hy sê dat die Skrifsiening van destyds soos weerspieël in die benaderings van genoemde drie professore, bevestig was uit talle artikels, publikasies en standpunte in die *Kerkbode*. Volledige voetnotas en aanhalings wat in die dokument van Britz via *Vox Viva* se artikel gegee word, onderskryf dit wat hy beweer.

Sonder om verder die gebeure wat Britz toelig, volledig te probeer weergee, wys die skrywer slegs op die gevolgtrekking van sy skrywe. Hy sê naamlik dat die huidige benadering

tot die Skrif daarop neerkom dat die Bybel gesien word as “**mensewoorde oor God**”. Dit verg geen geleerde om die konsekwensies van hierdie stelling te verstaan nie! Die implikasie is gewoon dat die “mat van sekerheid dat God Homself wel geopenbaar het”, onder gelowiges se voete uitgeruk word.

Dank die Here dat die Skrif, ondanks die teologie wat hierbo beskrywe is, “**soos ’n vuur, ... soos ’n hamer wat ’n rots vermorsel ...?**” (Jer. 23:29), dat dit “**lewend en kragtig**” bly (Heb. 4:12). Dit bereik die doel waarvoor God dit gestuur het altyd weer en keer nie leeg na Hom terug nie (Jes. 55:11). Geen menslike ongelooft of nuwe teologie kan iets daaraan afdoen nie. Al wat ons moet doen, is om die Woord in die krag van die Heilige Gees te bly verkondig (1 Thess. 2:5). “**Die wapens van ons stryd**” - waarvan die Skrif nommer een is - bly “**kragtig deur God om vestings neer te werp**” (2 Kor. 10:4!) 

## Die Bybel in Afrikaans – 75 jaar Het dit nog betekenis vir die Afrikaner?

In Pretoria vind daar die oggend van 26 April vanjaar ’n kongres plaas, wat oor die Bybel en ons kerkwees; ons volkwees handel – ’n uiters belangrike kongres om die waarheid te sê, om die Afrikaner op te skerp oor hierdie uiters belangrike sake. Wat sê *Die Bybel* in 2008 vir die Afrikaner in die krisistyd waarin ons lewe. Is dit nie die wesensgrond waarop ons ontstaan, teenwoordigheid en voortbestaan hier aan die Suidpunt van Afrika berus, waaroor ons opnuut weer moet besin nie; die toerusting wat die Afrikaner nou weer so nodig het vir die lewenstryd wat hy besig is om te stry? **Wat sê *Die Bybel* vandag vir my, Afrikaner, ter wille van die kwaliteit van my Christenskap; om waarlik kerk en volk van God-Drieëinig in die wydste sin van die Woord te wees/ te word as dit dan tans nie so is nie?**

**Drie referate met deeglike en Skrifgetroue studie en fundering en substantiewe inhoud word daardie Saterdagoggend in Pretoria gelewer. ’n Mens is die Here dankbaar dat daar ’n organisasie soos Bybel en Volk in ons volkslewe bestaan; dankbaar dat daar nog Afrikaners is wat met hierdie saak erns maak. Hulle verdien ons volle ondersteuning en voorbidding. Gelukkig is hierdie referate nie vir ons verlore nie, aangesien dit in die mondstuk *Bybel en Volk*, Jaargang 23 nr 2, gebundel is en van die volgende adres bekom kan word: Bybel & Volk, Posbus 8513, Minnebron, 1549, indien iemand dit wil bestel.**


Daardie drie insiggewende referate bevat die essensie van wat *Die Bybel* in 2008 vir die Afrikaner oor hierdie sake wil sê, en die verkryging van die gemelde publi-

kasie word sterk by ons lede aanbeveel. Wanneer ons vanjaar die Bybel in Afrikaans – 75 jaar, gedenk, moet hierdie sake ons tog aanspreek. Die volgende onderwerpe was onder bespreking:

“Wat sê *Die Bybel* in 2008 vir die Afrikanervolk oor Christenwees”

“Wat sê die Skrif in 2008 vir die Afrikaner oor kerkwees”

“Wat sê *Die Bybel* in 2008 vir die Afrikaner oor volkwees”.

Die Bybel het ongetwyfeld in 2008 vir ons kerk- en volkwees ’n opheffende en verhelderende boodskap. Hoe bevoorreg is ons nie om dit in ons eie moedertaal te mag besit nie. **Wat gaan ons met hierdie genadevoorreg doen, om weer te word wat ons veronderstel is om te wees: Kerk en volk van God in Suid-Afrika!** 

# Redaksionele kommentaar:

## Nie kerkverband nie, maar afwyking

Die doel met die artikel oor “Skrifbeskouing” (bl. 16) is sekerlik nie om enige kerkverband onder dié van gereformeerde belydenis vir blootstelling en kritiek uit te sonder nie, maar om die tendens dat van die gereformeerde tradisie wegbeweeg word, deur ’n Skrifbeskouing te ontwikkel wat nie langer op die grondslae van die Hervorming berus nie, in oënskou te neem. Ds Viljoen wys onder andere op die gevolge wat dit vir die gelowiges midde die kerk inhou wanneer aanpassings in belang van evangeliese aanvaarding gemaak word. In die algemeen, sonder om na ’n spesifieke kerkverband te verwys, word gestel dat die **onsekere vaarwaters waarin dit die kerk laat beland onberekenbaar is in terme van die verlies aan geloofwaardigheid wanneer menslike oordeel as maatstaf vir Skrifverklaring geld**, en die samelewing aan ongefundeerde geloofsleer uitgelewer word.

## Skrifbeskouing krities

Ds Viljoen se artikel wil dus die aandag op die krisis wat die afgelope dekades binne kerklike geleedere, en gevolglik ook die samelewing van Suid-Afrika ontstaan het, vestig. Soos deur hom aangetoon, setel die oorsaak primêr in die soort Skrifbeskouing wat deur ’n kerk van gereformeerde belydenis gehuldig word, wat beklemtoon hoe ontsettend belangrik die onskendbaarheid van die geloofsleer vir die samelewing is. **Die twee bronne** waarna hy ter ondersteuning van sy bydrae verwys, is altwee vanuit die kerklike geleedere, en dit is opvallend dat beide **in hulle ondersoek tot dieselfde gevolgtrekking gekom het. Die betrokkenes het onafhanklik van mekaar gewerk en hul bevindinge berus op eerstehandse en oor-**

**spronklike navorsing (i) deur ’n erkende teoloog en (ii) deur ’n instansie, WTL, wat deur ’n betrokke kerklidmaat bedryf word. In die artikel word ook na die standpunte van vroeër van ander gerekende teoloë in die gereformeerde tradisie, verwys. Van die onlangse werk van Pelsers (Kyk bronnestudie) moet ook melding gemaak word.**

Aansluitend hierby moet derhalwe daarop gewys word dat die hoofstroomkerke in SA ’n onbetwiste invloed op die geestelike klimaat wat binne die kerk en in die samelewing heers, uitoefen. Dit was in ons land se geskiedenis nog altyd die geval dat die kerklike standpunte oor aspekte van die Skrifleer, oor etiese kwessies, en amptelike uitsprake wat gemaak word, as ’n barometer van teologiese gefundeerdheid beleef word, waaraan besondere waarde geheg word. **Dit kan verduidelik word deur daarop te wys dat die samelewing – al sou daar nie noodwendig met alles wat in kerklike geleedere gebeur saamgestem word nie – daarop reken dat die waarhede wat deur ons kerke oor ons gemeenskaplike geloof verkondig word, verankering en koersvastheid in die samelewing teweegbring. Die krisis van ongekende omvang waarin die kerk en volk tans gedompel is, omdat ’n situasie ontwikkel het waarin die Woord nog as Woord gehuldig wil word, maar nie langer met handhawing van die Goddelike gesag en waarheid daarvan nie, is onvermydelik, soos wat ds Viljoen se artikel wil aantoon.**

## Ander lewensverbande?

Teen hierdie agtergrond wil veral toepassings na die gesinslewe en onderwys gemaak word. Hierdie lewensverbande steun baie sterk daarop dat die geloofsleer wat ver-

kondig word aan die Waarheid der waarhede sal beantwoord; dat dit gesagvol sal spreek om sodoende as egte en betroubare Woord ook in die buite-kerklike verbande ervaar en eerbiedig te word. Die SA-samelewing is tans diep verdeeld oor baie kwessies en die vraag kan gevra word: wat moet in heersende omstandighede nog as gesaghebbend aanvaar word, waarop met vertroue in die gesinslewe en onderwys voortgebou kan word? In so ’n samelewing is dit deurentyd, en veral in heersende omstandighede, van die allergrootste belang dat die Skrifgesag in ere herstel word, sodat daar ook binne die ander verbande sekerheid kan kom oor die aard en inslag van die gereformeerde geloofsleer wat deur die kerk verkondig word. **In die gesinslewe en die onderwys wil ons die kerk ’n Skrifbeskouing sien huldig waarvan die gesag en waarheid bo alle verdenking staan, op die beginsels van die Reformasie gegrond**, ter wille van duidelikheid en sekerheid, maar bo alles die waarheid. Soos deur ds Viljoen aangetoon, staan die Woordgesag bokant enige kerklike sanksionering, geheel onafhanklik daarvan. Aan die kerk is dit egter toevertrou om die Woord te ondersoek, te bestudeer en te verklaar, en op grond van die teologiese kennis en gesag daarvan, die Lig op die geheel van die samelewing te laat skyn tot verligting en verlossing. Dit is ons verwagting dat die kerk sal voorloop in die proklamering van die Goddelike gesag van die Woord ten opsigte van al die lewensterreine, ooreenkomstig ons Calvinistiese oortuiging. Hierin en slegs hierin, wil ’n Christelike organisasie soos die Vereniging die pad graag saam met die kerk stap in belang van die koms van die Koninkryk van ons Here.

## Vir ’n bronnestudie word die volgende aanbeveel:

Britz, R. 2007. Skrifbeskouing by die NG Kerk die afgelope 50 jaar. *Vox Viva internettydskrif*. [www.tafelbergkerk.co.za/voxxviva/uitgawes-view.php?myjaar=2007&mymaand=12](http://www.tafelbergkerk.co.za/voxxviva/uitgawes-view.php?myjaar=2007&mymaand=12). Aug., 25.

Kreitzer, M.R. 1998. *Foundations of a reformed missiology*. A missiological evaluation of the Nederduitse Gereformeerde Kerk's new social theology (Church and society 1990) Dissertation. Lynnwoodrif: Ligstryders.

Pelsers, P.J. 2005. *NG Kerk: reformeer of disintegreer?* Stellenbosch: Bybeldenke Uitgewers.

Waarheid teen Leuen. 2007. *Nuwe strominge in die teologie*. Word die hart van die evangelie uitgeruk? Johannesburg: WTL



*Nagmaal op Kerkplein, ongeveer 1880.*



*Boere-krygsgevangenes te Diyatalawa, Ceylon, tydens 'n erediens, gedurende die Anglo-Boereoorlog. Ds Paul Roux, middel, met die Bybel in die hand, neem dit waar.*



*Voorstellings van die Afrikaner-huisgesin, middel en onder.*




Die Afrikaanse Bybel word in Kaapstad deur kerkvertegenwoordigers in ontvangs geneem.

## Die Van Riebeeckgebed in Afrikaans vertaal

Barmhartige, genadige God en hemelse Vader, volgens u goddelike wil is ons geroep om die sake van die Verenigde Nederlands Geoktrooierde Oos-Indiese Kompanjie hier aan die Kaap die Goeie Hoop te bestuur. Met hierdie doel voor oë is ons met ons Raad in u heilige Naam vergader om met die Raad se advies sodanige besluite te neem waarmee ons die Kompanjie se belange die beste kan bevorder. Ons is hier om die wet te handhaaf en om, as dit moontlik is, onder hierdie wilde en onbeskaafde mense u ware gereformeerde

Christelike leer voort te plant en bekend te maak tot lof van u heilige Naam en tot voordeel van die wat oor ons regeer. Hiertoe is ons sonder u genadige hulp allermins in staat. Daarom bid ons U, allerhoogste Vader, dat U met u vaderlike wysheid by ons sal bly. Ons bid dat U self leiding in ons vergadering sal gee en ons harte so verlig dat alle verkeerde hartstogte, tweedrag en ander dergelike gebreke van ons geweer sal word sodat ons harte van alle menslike hartstogte skoon sal wees. Laat ons gemoedere so inge-

stem wees dat ons in ons beraadslaging niks anders beplan of besluit nie as dit wat mag strek tot grootmaking en lof van u allerheiligste Naam en tot diens van die wat oor ons regeer. Laat ons nie in watter mate ook al op eie voordeel of winsbejag let nie, maar net op die uitvoering van ons opdragte en dit wat vir ons saligheid nodig is. Ons bid en vra dit in die Naam van u geliefde Seun, ons Heiland en Saligmaker, Jesus Christus ... wat ons leer bid het: Ons Vader wat in die hemel is, ... Amen. 

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING  
en  
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester  
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,  
Prof D.F.M. Strauss.



Die Hoof Uitvoerende Beampte  
Posbus 1824  
Van Schalkwykstraat 21, Universitas  
Bloemfontein  
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of  
(051) 525 2341  
Faks (051) 522 4513  
E-pos: [vcho@mjvn.co.za](mailto:vcho@mjvn.co.za)  
Tuisblad:  
<http://www.vcho.co.za>

### HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-  
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,  
Ondervoorsitter), Ds S. le Cornu (Carl-  
tonville), Ds G. van Heerden (De Deur),  
Prof R. Marè (Pretoria), Prof I.H. Horn  
(Pretoria), Ds G. Opperman (Brits), Dr  
H.G. Stoker (Pretoria), Prof E.J. van  
Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer  
(Brakpan), F.A. van Deventer (Pretoria),  
Prof J.A.E. Adendorff (Germiston),  
ds J.J. Viljoen (Pretoria), en dr  
A.L.A. Buys (Pretoria).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes